

25 Februarie

Jesaja 50:4-11

***Niks het Hom afgeskrik nie***

Hoe volg ons Jesus Christus ons Koning met ons lewe in hierdie deurmekaar wêreld? Wie is die Knecht van die Here oor wie Jesaja skryf? Hy is Jesus Christus wat as Knecht van die Here sou werk om te ly sodat Hy die volle sondestraf van almal wat Hom glo kon dra.

Hy is gestuur om Knecht te wees, sodat hulle vry van die duiwel mag word, en in kinders van God verander sou word. Hy het 'n geoefende tong om almal wat moeg is, moed in te praat. Hulle moet weet van al die genade wat Hy vir hulle in sy bestel het. Jesus het gekom om dinge te doen waarvan ons kennis moet neem: Hy verlos ons van die ewige dood. Hy is die deur waardeur ons na God toe gaan. "Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie". Om die genade van God by sy volk uit te bring, het die Knecht niks ontsien nie. Eerstens het Hy Homself vrywillig aan die eise van sy roeping onderwerp; Hy het nie teruggestaan van sy taak af nie. Die opofferinge wat dit vir Hom ingehou het, het Hy gewillig gebring. Hy het Homself met volle oorgawe aan sy roeping gewy: Hy het sy hele liggaam en siel gegee vir dit wat die Here in gedagte gehad het. Die vyandskap wat Hy ondervind het in die uitvoering van sy roeping, het Hom nie afgeskrik nie. Hy het sy rug gegee vir die wat slaan en sy wang vir die wat baard uittrek. Hy het nie eers teruggedeins vir so iets aaklig as om in die gesig gespoeg te word nie. God het Hom inderdaad deur Pontius Pilatus regverdig verklaar, maar die Knecht moes nogtans sterf sodat ons van sondeskuld bevry kon word. God het Hom egter bo die veragting laat uitlewe, want Hy het Hom uit die dood laat opstaan. En daarmee saam het ons die volmaakte bevryding van die straf op ons sondes gekry.

Dr. M.J. du Plessis (Bellville)